higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 4

(4101064)

13 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 4
EERSTE VRAESTEL
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

AFDELING A: LEES EN KYK	[50]
AFDELING B: PRÉCIS	[20]
AFDELING C: KYK	[30]
AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK	[40]
AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN DIE PRAKTYK	[40]

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ’n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

7. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek ’n duidelike streep deur rofwerk. As jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEES EN KYK

VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande webartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

DIE WONDER VAN ONS SONNESTELSEL

1. Op 'n wolklose, maanlose nag sien 'n mens 'n strook dowwe lig wat die donker hemelruim daar bo oorspan — die glimmende strook wat ons as "die Melkweg" ken.

2. Hierdie Melkweg is een enorme groot familie van miljoene en miljoene sterre waartoe ook ons eie son en sy gesin van planete, ens. behoort. Só 'n reuse-familie word 'n sterrestelsel genoem, maar sterrekundiges verkies die naam *galaktika*. Die Melkweg is net een van 'n geskatte 100 000 miljoen sterre-stelsels, wat elk uit baie miljoene sterre bestaan.

3. Volgens sterrekundiges het sterrestelsels verskillende fatsoene. Die Melkweg en sy naaste groot buurman, die sterrestelsel Andromeda, is spiraalvormig.

4. Party spiraalsterrestelsels het as't ware 'n "staaf" van sterre en gas wat deur die middel daarvan loop, en hulle word dus staafspirale genoem. Ander sterrestelsels is weer ovaalvorming. Dié is onder die grootstes in die heelal. Nog ander het geen definitiewe vorm nie en word bloot onreëlmatige sterrestelsels genoem. Hulle is gewoonlik klein.

5. Die Melkweg strek 100 000 ligjaar ver van die een kant tot by die ander en is 10 000 ligjaar diep. Die menseverstand kan sulke afstande moeilik begryp.

6. Hoe is die Melkweg saamgestel? Daar word gemeen dat die oupas onder die sterre in die middel is, terwyl die jonger sterre die uitkrullende arms van die spiraal vorm. Die son, wat een van sowat 100 000 miljoen sterre in ons sterrestelsel is, lê in 'n vertakking van een van die arms, omtrent twee derdes van die middelpunt af. Die naaste bure van die Melkweg is die twee kleiner sterrestelsels wat die Magellaanse Wolke genoem word. Aangesien hulle by die Kaap die Goeie Hoop met die blote oog gesien kan word en soos dowwe wolke lyk, word hulle ook die Kaapwolke of Kaapse Wolkies genoem.

7. As jy op 'n wolklose aand die sterre mooi bekyk, sal jy sien dat hulle nie dieselfde lyk nie. Sekeres is nie net helderder as die ander nie, maar hul kleure verskil ook. Die helderheid hang af van hul grootte, hittegraad en afstand van die aarde; die kleurverskille — rooi, geel, blouwit — hou dit verband met hul temperature.

Kopiereg voorbehou

8. Sterre het eenderse lewenslope. 'n Ster begin as 'n wolk van gas en stof, verbruik dan energie en gee lig en hitte af, en op die ou end sterf hy. 'n Ontploffende ster wat ook 'n supernova genoem word is baie helderder as enige ander ster en kan partykeer selfs in die dag gesien word.

9. Van die skouspelagtigste voorwerpe wat al deur middel van teleskope afgeneem is, is die dik wolke van gas en stof wat tussen die sterre versprei lê. Hierdie wolke word newelvlekke genoem. Hulle is sigbaar wanneer die gas gloei of as die stof die lig van nabygeleë sterre weerkaats.

[verwerk uit http://www.mieliestronk.com/galaktika.html]

VRAE:

1.1 Op watter webtuiste het die eksaminator hierdie artikel gekry? (1)

1.2 Skryf die EEN woord in paragraaf 1 neer wat daarop dui dat die maan nie op daardie aand geskyn het nie. (1)

1.3 Het die skrywer hierdie artikel objektief of subjektief geskryf? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.4 Vul die ontbrekende woorde in:

Die Melkweg is een van vele (1.4.1) ... wat elk uit baie (1.4.2) ... sterre bestaan. (2)

1.5 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur 'n sin uit paragraaf 2 aan te haal.

Ons son is nie deel van die Melkweg nie. (2)

1.6 Kies die antwoord wat die sin korrek voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–C) neer.

"Daar word gemeen dat die oupas onder die sterre in die middel is ..." Die woord "oupas" word gebruik om na ... te verwys.

A die oupas van die sterrekundiges
B die oudste sterre in die Melkweg
C die jongste sterre in die Melkweg (1)

1.7 Noem TWEE tipes fatsoene wat sterrestelsels kan aanneem. (2)

1.8 Hoekom word die woord "Melkweg" met 'n hoofletter geskryf? (1)

1.9 "... terwyl die jonger sterre die uitkrullende arms van die spiraal vorm."

1.9.1 Word hierdie sin LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

1.9.2 Verduidelik in jou EIE woorde wat hiermee bedoel word. (1)

Kopiereg voorbehou

1.10 Noem TWEE eienskappe van onreëlmatige sterrestelsels. (Paragraaf 4) (2)

1.11 Sê of die volgende stelling 'n FEIT of 'n OPINIE is en gee 'n rede vir jou antwoord.

Volgens sterrekundiges het sterrestelsels verskillende fatsoene. (2)

1.12 Hoe groot is die Melkweg in ligjare gemeet? Noem TWEE afmetings. (2)

1.13 Die Magellaanse Wolke lê langs die Melkweg.

1.13.1 Waar kan hulle met die blote oog gesien word? (1)

1.13.2 Hoe lyk hulle soms? (1)

1.13.3 Gee 'n ander naam vir die Magellaanse Wolke. (1)

1.14 Waarvan hang die helderheid van die sterre af? Noem TWEE aspekte. (2)

1.15 Sterre se kleure hang van 'n sekere aspek af. Noem hierdie aspek. (1)

1.16 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Sterre se lewenslope verskil. (1)

1.17 Daar is 'n groot sterrestelsel net die langs die Melkweg

1.17.1 Noem die naam van hierdie groot sterrestelsel. (1)

1.17.2 Watter vorm neem hierdie sterrestelsel aan? (1)

1.18 In die tweede paragraaf beskryf die skrywer die Melkweg as enorm en groot. Hoekom dink jy het die skrywer TWEE sinonieme gebruik vir hierdie beskrywing? (1)

1.19 Gee die naam wat sterrekundiges vir 'n ontploffende ster gebruik. (1)

1.20 In paragraaf 9 word verwys na 'newelvlekke'.

1.20.1 Haal 'n ander woord vir 'n 'newelvlek' aan. (1)

1.20.2 Waarmee kan hierdie vlek waargeneem word? (1)

1.21 Gee 'n ander beskrywende toepaslike titel vir hierdie artikel. (2)

[35]

VRAAG 2: FORMELE BRIEF

Lees die onderstaande brief aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Mandela Rylaan 123
MALMESBURY
7299

10 September 2022

Mev. J. Beukes
Die Personeelbestuurder
Foschini
Posbus 126
MELKBOSSTRAND
7441

Geagte Mevrou Beukes

AANSOEK OM BETREKKING: VERKOOPSASSISTENT

Met verwysing na u advertensie in *Die Burger* van 8 September 2022 doen ek aansoek vir die pos as verkoopsassistent wat geadverteer is. Ek verstaan dat hierdie pos by die Foschini-tak in Melkbosstrand beskikbaar is, en alhoewel ek tans in Malmesbury woonagtig is, is ek bereid om te verhuis sodat ek nader aan my werk kan wees.

Ek dink ek is geskik vir hierdie pos aangesien ek reeds tydens my skoolvakansies by die Milady-tak in Malmesbury gewerk het. Ek het ook my Nasionale Beroepsgerigte Sertifikaat in Kantooradministrasie by die TVET College in Malmesbury suksesvol in 2021 verwerf.

Ek het 'n liefde vir die nuutste modes en bly op hoogte van die nuutste modes en tendense op nasionale en internasionale vlak. Ek is 'n hardwerkende persoon met sober gewoontes en was ook die sekretaris van ons kampus se Studenteraad.

Aangeheg by hierdie brief is my CV wat beide my referente en getuigskrifte bevat. Ek sluit ook gesertifiseerde afskrifte van beide my identiteitsdokument en voertuiglisensie in.

Ek sal baie graag by u dinamiese span wil aansluit en is enige tyd vir 'n onderhoud beskikbaar. Ek kan u die versekering gee dat indien u my aanstel, ek 'n aanwins vir u winkel sal wees.

Ek hoop u sal my aansoek gunstig oorweeg.

Die uwe

J Coetzee
Jolene Coetzee

Kopiereg voorbehou

VRAE:

2.1 Het hierdie advertensie in 'n gemeenskapskoerant of in 'n provinsiale koerant verskyn? (1)

2.2 Wat is die posisie waarvoor Jolene aansoek gedoen het? (1)

2.3 Hoekom het Jolene die brief aan die personeelbestuurder gerig? (1)

2.4 Hoekom dink jy beklemtoon Jolene dat sy daarvan hou om modes te volg en modieus aan te trek? (2)

2.5 Hoekom sê Jolene dat haar afskrifte van haar CV gesertifiseer is? Wat beteken dit? (2)

2.6 Dink jy dat Jolene die regte kandidaat vir die pos is? Motiveer jou antwoord. (2)

2.7 Is die volgende woord LETTERLIK of FIGUURLIK aangewend. Motiveer jou antwoord

"modeslaaf" (2)

2.8 Watter karaktereienskap van Jolene kom na vore indien jy haar brief lees? (1)

2.9 Wie of watter tipe persoon kon Jolene gebruik het as 'n referent? (1)

2.10 Indien jy die personeelbestuurder was, sou jy Jolene vir 'n onderhoud genooi het? Motiveer jou antwoord. (2)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: PRÉCIS
VRAAG 3: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande artikel deur en volg die instruksies:

- Som SEWE wenke op hoe jy waterbesoedeling kan beperk.
- Skryf elke hoofgedagte in jou EIE VOLSIN neer.
- Skryf jou sinne in PARAGRAAFFORMAAT neer.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 – 70 woorde wees nie.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die opsomming aan. **[20]**

HOE OM WATERBESOEDELING TE BEPERK

Gebruik minder chemikalieë vir skoonmaak. Dit is 'n eenvoudige verandering wat die wêreld se verskil maak. Die gebruik van giftige chemikalieë soos bleikmiddel en ammoniak vir normale huishoudelike skoonmaak is nie net skadelik vir jou stad se waterstelsel nie, maar dit is ook nie noodsaaklik nie. Gooi die afval behoorlik weg. Moet nooit nie bioafbreekbare stowwe in die rioolstelsel laat kom nie. As jy verf of ammoniak moet gebruik, moet jy versigtig wees wanneer jy dit weggooi. Moenie medikasie in die toilet gooi nie. Dit bevat 'n wye verskeidenheid stowwe wat die watervoorraad kan besoedel. As jy medikasie moet weggooi, kontak 'n afvalverwyderingsmaatskappy om dit te verwyder. Moenie vullis in die rioolstelsel gooi nie. Nie bioafbreekbare items soos doeke, natlappies en plastiekkussings kan die rioolstelsel beskadig. Hierdie elemente bereik uiteindelik die gebied se waterweë en riviere, waar dit visse en ander wild kan doodmaak. Bespaar ook soveel water as wat jy kan. Dit is belangrik om dit nie te mors nie en om dit as 'n globale hulpbron te bewaar. Stort in plaas van om te bad en draai krane toe wanneer jy nie water gebruik nie, soos wanneer jy jou tande borsel. Moenie die grasperk te nat maak nie. Maak seker dat die sproeiers afgeskakel is wanneer dit reën. Maak die tuin nat voor sonop of na sononder om verdamping te verminder. Vermy die gebruik van plastiek. Omdat plastiek nie bioafbreekbaar is nie, beland dit dikwels in riviere, mere en oseane as dit nie herwin of versigtig herwin word nie.

[Verwerk uit https://af.villagemonkland.org/Ridurre-Inquinamento-Idrico-1237]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KYK

VISUELE TEKSTE

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees die onderstaande strokiesprent aandagtig deur en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: https://www.facebook.com/photo/?fbid=1614878105295288]

VRAE:

4.1 Noem TWEE maniere waarop die strokiesprent se titel beklemtoon word. (2)

4.2 Watter TWEE visuele tekens is daar dat die vrou in raampie 1 'n kassiere is? (2)

4.3 Dink jy die vrou in raampie 1 is familie van Jorik omdat hy haar "tannie" noem? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

4.4 In watter tipe winkel speel hierdie toneeltjie af? (1)

4.5.1 Watter internasionale dag word hier gevier? (1)

4.5.2 Op watter datum vind die viering jaarliks plaas? (1)

4.6 Wat is die hond in die strokiesprent se naam? (1)

4.7 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.

Jorik glo daarin om die gebruik van plastieksakke te verminder. (2)

4.8 Wat is Jorik en die hond se plan om nie hul aankope in plastieksakke te verpak nie? (2)

4.9 Kies die regte antwoord: (skryf slegs die korrekte vraagnommer in jou antwoordboek neer)

Die HOOFDOEL van hierdie strokiesprent is om die leser ...

4.9.1 te vermaak.

4.9.2 in te lig.

(1 × 1) (1)

[15]

VRAAG 5: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Verwerk uit https://images.app.goo.gl/XYG4MQyRvh7bYacV6

VRAE:

5.1 Hoe sluit die foto's in die advertensie by die opskrif van die advertensie aan? (2)

5.2 Op watter TWEE maniere trek die advertensie jou aandag? (2)

5.3 Vanuit watter provinsie en stad vertrek hierdie toer? Jy moet die provinsie en stad noem. (2)

5.4 Verbeter die spelling van NAMIBIA na die korrekte Afrikaanse spelling? (1)

5.5 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. MOTIVEER jou antwoord deur 'n frase uit die leesstuk aan te haal.

Jy moet vir jou eie middagete voorsiening maak. (2)

5.6 Wat is die totale bedrag wat jy moet betaal indien jy nie 'n kamer wil deel nie? Dui aan hoe jy by hierdie antwoord uitgekom het. (2)

5.7 Op watter TWEE wyses kan jy met die organiseerders van die toer in verbinding tree? (2)

5.8 Stel jy belang in hierdie toer? Motiveer jou antwoord in TWEE sinne. (2)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 6: ARTIKEL

- Bestudeer die onderstaande artikel aandagtig.
- Voltooi die teks met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld:

	KOLOM A	KOLOM B
1.1	(elke dag)	A Gee een woord

Antwoord: 1.1 daagliks

TIENERS VAN TOEKA (6.1) TOT NOU			
KOLOM A		**KOLOM B**	**PUNT**
	6.1	Wat beteken die woord "toeka"in die titel?	(1)
Dis 'n nuwe generasie! (6.2) Sommige volwassenes skud hulle koppe en sê met afkeur (6.3 "vandag se tieners darem"), (6.4 onbewus) van hoe eenders vandag se tieners en toeka se tieners is.	6.2	Wat is die funksie van die uitroepteken?	(2)
	6.3	Hoekom is hierdie sinsnede in aanhalingstekens aangedui?	(2)
	6.4	Gee die antoniem.	(1)
Reeds vanaf die 1940's het tieners daarna gestreef om (6.5 selfstandig) te raak en hul identiteit te vind. Die omgewing en (6.6 style/steile) waarin die tieners hul en eie identiteit uitdruk, het deur die jare verander, maar die (6.7 mediums/media) het basies dieselfde gebly, (6.8 naamlik) musiek, dans, modes, taal en verhoudings.	6.5	Gee die vergrotende trap	(1)
	6.6	Kies die korrekte homofoon.	(1)
	6.7	Kies die korrekte meervoud.	(1)
	6.8	Gee die korrekte afkorting.	(1)
(6.9 Prof.) Gary Chapman (6.10 spreker), skrywer en pastoor beweer dat daar 'n paar karakereienskappe is wat bepaal hoe (6.11 ...) tieners vandag verskil en ook ooreenstem met tieners van ander generasies. (6.12 Hy sê: "Ons kyk in hierdie artikel na die *ooreenkomste*.")	6.9	Skryf die afkorting uit.	(1)
	6.10	Gee die vroulike vorm.	(1)
	6.11	Gee die korrekte voornaamwoord.	(1)
	6.12	Skryf oor in die indirekte rede.	(2)
In die (6.13 tiener+fase) is die fisieke groei baie duidelik. (6.14 Skielik groei hulle arms en bene vinnig.) Dit bring onsekerheid by die tiener, wat skielik besef hy of sy word 'n volwassene. Hulle wonder oor hoe hulle gaan lyk.	6.13	Maak 'n samestelling.	(1)
	6.14	Skryf in die verlede tyd.	(2)
Die (6.15 ewig) vyand, aknee, neem ook sy kans waar in die proses om tieners net meer selfbewus as tevore te maak.	6.15	Gee die korrekte vorm van die woord.	(1)
(6.16 Daarmee saam ontwikkel die tiener 'n nuwe manier van dink. Ouers verstaan dit nie.)	6.16	Verbind die twee sinne met die voegwoord **wat.**	(2)
(6.17 Hulle dink oor al die moontlikhede wat die toekoms vir hulle inhou.)	6.17	Skryf in die ontkennende vorm.	(2)

Kopiereg voorbehou

Die tiener het die (6.18 ongelooflike) (6.19 vermoee/vermoë) om logies te kan dink en dinge te beredeneer. Vir ouers kom dit voor asof die tiener wil argumenteer. In werklikheid ontwikkel hul (6.20 kognitief) vaardighede en as (6.21 ma en pa) dit besef, kan hul betekenisvolle gesprekke aanknoop. (6.22 Ouers glo die appel val nie ver van die boom af nie.) Soms dink tieners hulle weet meer as die ouers en (6.23 …) soms is hulle reg. Die nuwe (6.24 “cool”) manier van dink neem die tiener na 'n nuwe vlak van sosiale verhoudings. Ouers en tieners moet 'n (6.25 goed) verhouding hê. (6.26 Dit los die deur vir verdere kommunikasie tussen ouer en tiener wyd oop.) Ouers moet (6.27 help) gee. Die vraag “Wat wil ek eendag met my lewe doen?” is eintlik 'n (6.28 retoriese) vraag: Wat is die (6.29 investering) van my lewe en tyd werd?	6.18 6.19 6.20 6.21 6.22 6.23 6.24 6.25 6.26 6.27 6.28 6.29	Gee 'n sinoniem. Kies die korrekte spelling. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord. Vervang met ‘n korrekte voornaamwoord. Verduidelik hierdie idioom. Wat is die funksie van die ellips? Hoekom is hierdie woord in aanhalingstekens? Gee die korrekte verbuiging. Word dit letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord. Gee die korrekte vorm van die woord. Verduidelik wat 'n retoriese vraag is. Gee 'n sinoniem.	(1) (1) (1) (1) (2) (2) (2) (1) (2) (1) (2) (1)
[Verwerk uit https://jougesin.solidariteit.co.za/tieners-van-toeka-tot-nou-2/]			

[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 7: MEDIA

7.1 Beantwoord die volgende vrae oor die gedrukte media, en pas dit wat jy geleer het toe.

7.1.1 Gedrukte media speel 'n groot en belangrike rol in die samelewing. Noem DRIE doelwitte van die media in die samelewing. (3)

7.1.2 Noem TWEE eienskappe van 'n koerant. (2)

7.1.3 Noem DRIE verskille tussen koerante en tydskrifte. (3)

7.1.4 Watter media is die gewildste en word in die meeste huishoudings aangetref? (1)

7.1.5 Noem TWEE metodes hoe toegang tot elektroniese media verkry kan word. (2)

7.1.6 Noem enige DRIE soorte nie-tekstuele inligting wat op webbladsye aangetref kan word. (3)

7.1.7 Tydskrifte se produksie is baie duur. Hoe maak tydskrifte dit meer bekostigbaar vir hulle lesers? (1)

7.2 Kies die regte antwoord in die onderste ry wat by die tydskrif in die boonste ry pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.2.1–7.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer. (Die kleinskrif is nie belangrik in die beantwoording van hierdie vraag nie.)

7.2.1	7.2.2	7.2.3	7.2.4	7.2.5
 **Noordkaap bulletin**				
A Ouers met babas en klein kinders sal in hierdie tydskrif belang stel.	**B** Hierdie koerant is slegs in 'n sekere streek beskikbaar.	**C** Die tydskrif interesseer mense wat boer of in landbou belangstel.	**D** 'n Baie bekende Sondagkoerant.	**E** Mense wat in kookkuns belangstel, sal hierdie tydskrif koop.

(5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 8: MANIPULERENDE KOMMUNIKASIEMEDIA

8.1 Die manipulerende tegniek van oorreding bestaan uit DRIE elemente.

Noem hierdie DRIE elemente en gee 'n voorbeeld van elk hoe dit in die media aangewend kan word. (6)

8.2 Verduidelik wat met die tegniek “weglating” in die media bedoel word. (1)

8.3 Gee 'n kort definisie van propaganda sodat die betekenis van die woord duidelik daaruit afgelei kan word. (2)

8.4 Propaganda is nie altyd negatief nie. Gee TWEE voorbeelde waar propaganda positief in die samelewing aangewend kan word. (2)

8.5 Kies die korrekte antwoord in KOLOM A wat by die oorredende tegniek van propaganda in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.5.1–8.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.5.1	Leuens	A	name wat 'n slegte beeld skep
8.5.2	Herhaling	B	gee die publiek verkeerde inligting wat onwaarhede bevat
8.5.3	Stereotipering	C	etiketteer mense as lede van 'n groep met vooropgestelde kenmerke
8.5.4	Bewering	D	slagspreuke wat gebruik word om emosies op te sweep deur dit oor en oor te gebruik
8.5.5	Vervanging van name	E	maak sterk emosionele stellings wat nie bewys kan word nie
		F	weglating van inligting om te oorreed

(5 × 1) (5)

8.6 Kies die korrekte antwoord in KOLOM A wat by die gevoelstaal in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.6.1–8.6.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.6.1	Figuurlike taal	A	Hoekom moet daar tog beurtkrag wees?
8.6.2	Woord met positiewe konnotasie	B	Hoe om duisende meisies te bekoor.
8.6.3	Oordrywing	C	Beurtkrag word vandag op fase 4 toegepas.
8.6.4	Retoriese vraag	D	Tyd slaap nie.
		E	Leef gesond. Leef gelukkig.

(4)
[20]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou